stats sa

Department:
Statistics South Africa
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Geagte Meneer/Dame

DEURLOPENDE BEVOLKINGSOPNAME – HUISHOUDELIKE OPNAME PROGRAM HERONTWERP (DBO-HOPH) RAAMWERKOPDATERING

Die houer van hierdie brief, mnr./me. ……(Kandidaat Naam)……, Persal no. ……(Persal Nr)…….. is in diens van Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) om publisiteit te doen vir die Deurlopende Bevolkingsopname – Huishoudelike Opname Program Herontwerp (DBO-HOPH) Raamwerkopdatering.

Stats SA het ‘n mandaat ingevolge die Wet op Statistieke (Wet No. 6 van 1999) om relevante inligting van die Suid-Afrikaanse publiek te versamel. Die inligting word gebruik vir beplanning, besluitneming, monitering en evaluering van beleide deur die regering, besighede en ander instellings.

In ooreenstemming met hierdie mandaat, sal Stats SA die DBO-HOPH Raamwerkopdatering onderneem van Mei tot September 2025. Hierdie raamwerkopdatering sal Stats SA in staat stel om 'n akkurate voorstelling van elke struktuur regoor die land te hê, en dit sal die versameling van akkurate en betroubare data fasiliteer.


'n Span van Lysting- en Publisiteitsamptenare sal elke geselekteerde gebied besoek om te verseker dat elke erf besoek en elke struktuur op die erf akkuraat aangeteken is. Dit sal verseker dat Stats SA 'n akkurate en opgedateerde meestersteekproefraamwerk het vir gebruik in huidige en toekomstige dataversamelingsaktiwiteite.

Ons wil u verseker dat enige inligting wat deur huishoudings verskaf word, streng vertroulik sal bly in ooreenstemming met artikel 17 van die Wet op Statistieke. Enige werknemer wat skuldig bevind word aan bekendmaking van vertroulike inligting aan ongemagtigde persone sal swaar wetlike strawwe in die gesig staar. As ‘n invloedryke persoon in die gemeenskap, wil ons graag ‘n beroep doen op u ondersteuning om toegang tot die omgewing te fasiliteer vir Stats SA-veldwerkspanne sodat hulle met hulle aktiwiteite kan voortgaan. Ons versoek ook graag dat u, indien nodig, die spanne sal ondersteun om die gemeenskap te oorreed van hoe belangrik hulle deelname is.

Ons veldwerkers kan maklik geïdentifiseer word deur hulle Stats SA-identiteitskaarte en Stats SA-oorhempies. Indien u die betroubaarheid wil bevestig van enige Stats SA-verteenwoordiger wat op die DBO-HOPH Raamwerkopdatering werk of enige ander verwante vrae het, kontak asseblief die Provinsiale Veldoperasies Direkteur,
mnr./me. ……Mahier Hattas…… by ……079 510 3249……. U kan ook enige lid van ons veldwerkpersoneel verifieer deur die veldwerkerverifiëringstelsel op die Stats SA-webblad (www.statssa.gov.za), of deur die Stats SA-inbelsentrum te kontak by 0800 110 248.

Ons bedank u by voorbaat vir u deelname.

Die uwe



……..
Risenga Maluleke
Statistikus-generaal